Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

GRONDSLAG FASE

GRAAD 3

JUNIE 2011

50

AFRIKAANS HUISTAAL

LEERDER SE NAAM: _____

SKOOL SE NAAM: _____

DISTRIK: _____

PUNTE: 50

TYD: 1 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die instruksies deeglik.
2. Beantwoord die vrae op die vraestel.
3. Skryf mooi netjies en duidelik.

VRAAG 1

Nota aan die onderwyser/es:

Lees elke vraag **stadig, hoorbaar en ten minste twee keer**, terwyl die leerders in hul eie boeke volg. Laat nou genoeg tyd toe vir die leerders sodat hulle hul **eie antwoorde onafhanklik** kan neerskryf. Nadat die leerders klaar geskryf het, kan jy voortgaan na die volgende vraag. Volg dieselfde prosedure tot en met die laaste vraag. Hierdie vraestel duur 60 minute.

Lees die storie en gebruik dit om die vrae te antwoord.

Mamma sê: "Ek het vyf rand in die tuin verloor. As jy dit kry, Anna, kan jy dit maar hou!"
Anna gaan gou soek en daar sien sy dit lê. Dit blink in die son.
Nou is Anna bly. Sy gaan gou iets koop.
Wat sal sy tog koop? 'n Pop? Nee, sy het 'n pop. Wat van die skip daar op die rak? Nee wat!
Anna voel iets teen haar been skuur.



Sy skrik en kyk af. Dis 'n klein, swart katjie. Sy tel hom op. Nou weet sy wat sy gaan koop. Die winkelier bind ook nog 'n groot, blou strik om sy nek. Dit lyk tog te mooi.
Sy gee sy naam Vyf Rand. Hy kry melk in 'n bak en is gou tuis in die huis.

1.1 Wat het mamma verloor? _____ (2)

1.2 Wat het Anna met die geld gekoop? _____ (2)

1.3 Merk [X] die blokkie met die regte antwoord.

Wat het teen Anna se been geskuur?

'n hondjie	'n katjie	'n seuntjie

(2)

1.4 Kies die regte antwoord in die blokkies en skryf dit op die lyntjie neer.

toemaak	losmaak	vasmaak

'n Ander woord vir bind is _____ (2)

1.5 Skryf die regte antwoord op die lyntjie neer.

'n Woord met die teenoorgestelde betekenis van mooi is _____ (2)

1.6 Nommer die sinne (van 1 − 4) soos dit in die storie gebeur het. Skryf die nommer in die blokkie neer.

(1)	As jy dit kry, Anna, kan jy dit maar hou!"		(2)
(2)	"Ek het 'n vyf rand in die tuin verloor."		(2)
(3)	Nou is Anna bly.		(4)
(4)	Dit blink in die son.		(3)

1.7 **Merk [X] die blokkie met die regte antwoord.**

Kies die beste naam vir hierdie storie.

Die katjie met die blou strik.		
Die speelgoedwinkel.		
Daar is baie muise in die huis.		(2)

1.8 **Kies die regte woord in die blokkies en skryf die antwoord neer.**

op	teen	vir

Anna voel iets _____ haar been skuur. (2)

1.9 **Skryf die volgende sin oor, maar begin met die woord wat gegee is.**

1.9.1 Hy is gou tuis in die huis.

Gister _____ (2)

1.9.2 Sy het die katjie gekoop.

Nou _____ (2)

1.10 **Onderstreep die regte woord vir hierdie sin.**

Sy het die (katjie, kadjie, kaatjie) gekoop. (2)

Gebruik die prentjie om VRAAG 1.11 te beantwoord.

1.11 **Skryf DRIE (3) sinne oor die prentjie neer.**

_____

_____

_____ (6)

1.12 **Lees die sinne en kies 'n woord wat die woorde in die eerste tabel beskryf.**

Dis 'n klein katjie. Hy het 'n blou strik om sy nek.

Voltooi nou die tabel:

1.12.1 Katjie _____ (2)

1.12.2 Strik _____ (2)

1.13 **Kies 'n geskikte woord vir die onderstreepte woord uit die lys. Skryf jou antwoord op die lyntjies neer.**

melk welkom skrik soggens

1.13.1 Hy kry melk in 'n bak en is gou _____ in die huis. (2)

1.13.2 Vyf Rand en Anna speel van _____ tot laat. (2)

1.14 **Gee die meervoud van die volgende woorde:**
(byvoorbeeld vark − <u>varke</u>)

(a) broer _ _____ (1)

(b) huis _ _____ (1)

(c) blom _ _____ (1)

(d) kat _ _____ (1)

(e) dag _ _____ (1)

TOTAAL: 50